VINIGE VRAE

aan Louis Esterhuizen

Het jy 'n "skryfplek", 'n hoekie of vertrek in jou huis of elders waar jy verkies om te sit en skryf?
Ek is maar erg rekenaargebonde wanneer ek skryf. Daarom skryf ek meestal in my studeerkamer en op my rekenaar. Dit is 'n ruimte wat gevul is met dinge wat vir my van belang is, soos my musiek en belangrikste boeke. Alles is byderhand en dit is waar ek gelukkig is en kan fokus.

Moet dit stil wees, of speel daar musiek op die agtergrond?
Ek kan nie sonder musiek funksioneer nie; dit maak nie saak waarmee ek besig is nie. In hoofsaak omrede ek rusteloos raak sonder musiek. Wanneer ek skryf – of aan 'n manuskrip werk – is dit vir my belangrik om na musiek te luister wat by die toonaard pas van die teks waarmee ek besig is.

Is daar ander kunssoorte wat jou ook stimuleer?
Ja, baie beslis. Skilderkuns en veral ook flieks.

Wat is jou gunstelingboek of 'n onlangse leeshoogtepunt?
My gunstelingboek is Anne Michaels se *Fugitive Pieces*. Onlangse leeshoogtepunte is John Williams se klassieke werk *Stoner* (1965, Vintage) en Stephen King se *On Writing* (2000, Charles Scribner's Sons).

As dié boek 'n maaltyd was, wat sou dit wees?
Gebraaide boerewors met *baked beans*. My gunstelinggereg, hartseer soos dit is.

Wat is jou gunstelingfliek wat op 'n boek gebaseer is?
Daar is drie: *Doctor Zhivago* (1965), *The Unbearable Lightness of Being* (1988) en *Fugitive Pieces* (2007).

Skryf jy soms eerste weergawes van jou werk op papier?
Nee, meestal direk op rekenaar. Maar voordat ek die rekenaar betrek, het ek reeds 'n goeie idee van – en aanvoeling vir – die gedig wat ek beoog. Eintlik werk ek baie abstrak.

Lees jy resensies?
Ja, baie beslis. Uit die aard van my werk is dit belangrik om op die hoogte te bly van publikasies wat bespreek word.

Wie is jou gunsteling- fiktiewe karakter(s)?
Daar is baie. Ek vind egter dat Bart Nel gereeld in my gedagtes opdoem. En natuurlik Athos Roussos in *Fugitive Pieces.* Om ook nie van Le Grange, die filosofiese spietkop in Etienne Leroux se *Magersfontein, o Magersfontein!* te vergeet nie.

Waar het jy grootgeword?
Meestal op Virginia – die Vrystaatse Goudveld. Maar ook Philippolis en die destydse Rhodesië.

Speel plekke wat jy besoek of beleef 'n rol in jou skryfwerk?
Vir seker. Ek is nie juis 'n reisiger nie, maar ek het vele hartsplekke waarheen ek gereeld terugkeer: die Oos-Vrystaat, Weskus en Amsterdam.

Het jy 'n vaste roetine en mikpunte vir skryf?
Ek skryf meestal vroegoggend. Baie vroeg. Ek sal dae, weke en selfs maande met 'n gedig of gedigte in my kop rondloop en daaroor tob. Wanneer ek die betrokke gedig oplaas kan "hoor", gaan ek rekenaar toe en begin daaraan werk. Die skaaf- en skryfproses kan soms dae duur. Eintlik word 'n gedig nooit klaar geskryf nie.

As jy nie geskryf het nie, waarmee sou jy graag daardie ure verwyl?
Ongetwyfeld musiek. Maar helaas, ek bespeel geen instrument nie en ek het geen

vermoë tot komposisie nie.

Wie is jou gunstelingskrywers?
O, daar is baie. Ook nog Paul Auster en Niall Williams. Onder die digters sekerlik die Nederlandse digters Rutger Kopland, Gerrit Kouwenaar en Miriam Van hee; die Oos-Europese digters Wislawa Szymborska, Tadeusz Różewicz, Ana Blandiana, Vasko Popa en Zbigniew Herbert; die Hebreeuse digter Yehuda Amichai; en ten slotte die Britse klassieke meesters, veral T.S. Eliot en Seamus Heaney.

Is daar enige skrywers wat 'n groot invloed op jou werk gehad het?
Waarskynlik het alle boeke wat jy lees 'n invloed op jou. Maar indien ek moet uitsonder, sekerlik Kopland, Amichai en Marlise Joubert – op 'n baie direkte, persoonlike manier.

Watter soort boeke (genres) lees jy die meeste?
Letterlik alles, maar by voorkeur poësie, literêre essays en filosofie. Ek hou van boeke wat die hekke van my kop oopstamp en sonder skaamte huiswaarts jaag.

Wat lees jy op die oomblik?
Blydskap van Johannes de Villiers. Ook *Jade Ladder,* 'n bloemlesing met resente Chinese poësie wat saamgestel is deur W.N. Herbert en Yang Lian, en *Landscape with Yellow Birds* – 'n keur van die Mexikaanse digter José Ángel Valente se werk wat deur Thomas Christensen saamgestel en vertaal is.

Watter raad het jy vir jong of ongepubliseerde skrywers?
Lees soveel jy kan. En hou vol met wat jy doen; volharding is 'n ongelooflike belangrike aspek van skryfwerk.

As jy vir jou jonger self raad kon gee, wat sou dit wees?
Ek is geneig om hiperkrities te wees teenoor myself. Daarom: Wees goed vir jouself. Uiteindelik werk dinge uit; miskien nie soos jy dit te wagte was nie, maar darem. **T**

PEN Afrikaans bestaan ter wille van uitdrukkingsvryheid en die bevordering van die Afrikaanse woordkuns. In die Twintig vrae-*reeks leer ken ons telkens een van ons lede van naderby ken.*